

Sing vooraf staande: Psalm 146:3 (p.700)

- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE^oalleen bly wag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 145:1, 10 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone^ooorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 10 Die Heer is reg in al sy weg en werk, / sy goedheid ken, die wêreld deur, geen perk.
Hy is naby die siel wat tot Hom sug, / Hy troos die hart wat skreiend tot Hom vlug.

Gebed.

*Doksologie
Aanbidding
Skuldbelydenis
Vergifnis
Dank
Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God
Algemene bede
Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens
Amen.*

Psalm 4:1 (p. 14)

- 1 Verhoor my, HEER, in donker dae, / God van my reg, send troos vir my!
U wat my voer uit hinderlae, / hoor my uit vrye welbehae.
O manne wat my nou bestry, / hoe lank nog word in teënhede
my eer in skande omgekeer? / Hoe lank is jul met nietighede,
met ydelheid en wind tevrede? / Word leuentaal deur jul begeer?

Skriflesing: Jesaja 43

Teks: Jesaja 43:1

**Maar nou, so sê die HERE, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel:
Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy
is myne!** (Jesaja 43:1 AFR1953)

Die ware gelowige verwag die wederkoms van die Here Jesus as 'n dag van troos, want hy het altyd die vrees vir straf oor sy sondes, en hierdie dag beleef hy kwytskelding van sy skuld by die Here. Op hierdie dag, weet hy, gaan hy die ewige lewe by God in sy koninkryk in.

Kom ons kyk na twee aspekte wat uitstaan:

- 1. Geloofsekerheid en blydschap in hierdie lewe**
- 2. Geloofsekerheid en ewige verlossing**

1. Geloofsekerheid en blydschap in hierdie lewe

Almal van ons wil behoort aan iemand. Dit is verskriklik sleg om te moet lewe sonder dat jy liefgehê word.

- Ons wil ook nie net deur mense liefgehê word nie.

- Ons wil altyd weer daaraan herinner word dat die Heilige Gees my toeroep:
Moenie bang wees nie, want jy behoort aan die Here. Die Here het jou op jou naam geroep, en die Here Jesus het vir jou geleef en gesterf.

Luister hoe sê die Here dit in vers 3:

Want Ek is die HERE, jou God, die Heilige van Israel, jou Heiland;
(Jesaja 43:3 AFR1953)

Die Here noem Homself hier **Heiland**. Die woord *Heiland* beteken *Verlosser, Saligmaker*.

- God was getrou aan sy verlossingsbelofte, en daarom het Jesus die Verlosser aarde toe gekom.
- Hy het kom heil bewerk. Hy het gekom om ons sondes weg te neem.

Sonde en dood is naby familie van mekaar; sonde is mos die oorsaak van die dood, en dood is die gevolg van sonde.

- Daarom kan u maar gerus weet dat die Here – saam met die vergewing van ons sondes – ons ook uit die hel uitruk.
- Ons is ook verlos van die mag van die dood.
- Die aardse dood sal ons sterf, maar die dood van die hel sal nooit naby ons kom nie, want die Here Jesus het ons daarvan vrygemaak.

2. Geloofsekerheid en ewige verlossing

Die manier waarop elkeen van ons getroos lewe, hang saam met ons geloofsekerheid.

- Geloofsekerheid is om twee wêrelde bymekaar te bring: dit is om te weet dat jy in hierdie lewe en in die lewe na hierdie een aan die Here Jesus behoort.
- Jy behoort met liggaam en siel in lewe en in sterwe aan die Here.

Die ware gelowige sal nie hel toe gaan nie.

- U moet dit altyd positief ervaar.
- Die Here bewaar u in hierdie lewe elke dag, maar die Here bewaar u ook in die hiernamaals.

Van hierdie lewe het die Here Jesus gesê dat Hy ons so bewaar dat daar sonder sy wil nie een haar van ons hoof sal afval nie.

- Daarmee het die Here nie bedoel dat dit net geld tot ons dood, en dan is alles daarmee heen nie.
- Hy bewaar ons juis tydens hierdie lewe omdat ons in die hiernamaals by Hom sal wees.

Ons bekommernis is veral wat van ons gaan word nadat ons dood is:

- Waar gaan ek my oë oopmaak?
- Hoe seker kan ek wees dat ek nie in die hel gaan wees nie?
- Want ons weet dat niemand behalwe die Here ons in die hiernamaals kan bewaar nie.

U het die versekering in die geboorte, lewe en kruisdood van die Here Jesus.

- Hy het juis aarde toe gekom en is hier gebore om die ewige lewe vir elkeen van ons te verwerf.
- Daarom is sy geboorte later gevolg deur 'n vervloekte kruisdood waar Hy al God se toorn oor ons sondes gedra het – en waar Hy die dood oorwin het.
- Dit het Hy nie vir Homself gedoen nie,
 - want Hy het nie sondes gehad waarvoor Hy gestraf moes word nie,

- en die ewige lewe het Hy ook nie vir Homself nodig gehad nie,
- want Hy is die ewiglewende God!

Hy het alle toorn gedra en die ewige lewe verwerf vir ons.

- Onthou sy belofte aan sy dissipels dat Hy weggaan om plek voor te berei.
- Daarmee het die versoeningswerk van ons Here Jesus nie opgehou nie, want Hy werk nou nog: Hy is op hierdie oomblik besig om vir ons blyplek te maak vir die hiernamaals.
- Dit is tog duidelik dat ons dan na ons aardse dood ook aan die Here moet behoort, want Hy het dan juis woonplek vir ons by Hom.

Bidtyd en glo-tyd is genadetyd.

- Genadetyd omdat elke erediens by uitstek die verlossing van die Here Jesus onder ons aandag bring.
- Die gelowige kan nie anders nie as om die vervulling van God se verlossingsraad in Jesus te belewe nie.
- Rig dan op hierdie dag u oë nie op al die seer en verbystering van die lewe nie, maar op die God van u verlossing.

Bly asseblief net wakker vir die gevare van twyfel.

- Die gevaar van twyfel is dat dit ons kan verheidens. Ons kan ook soos die ongelowiges ons vreugde van God afwend.
- Dan gaan ons ook soos hulle ons troos en blydschap op 'n ander plek soek. Die geskiedenis het al oor en oor geleer dat hierdie soort van soeke eindig by mensverheerliking.
- Dit is reeds besig om ons kerke te oorspoel.

Moenie dat die wêreldse verlokkinge jou van die Here vervreem en verlei tot oortreding teen die Almagtige nie. Rig dan u oë op na die horison van die geskiedenis toe, en sien die Here van ons Verlossing waar Hy besig is om weer te kom, om ons tot in ewigheid by Hom te neem.

Kom ons lees saam wat ons Belydenis ons leer oor ons enigste troos in tyd en ewigheid in die Heidelbergse Kategismus Sondag 1:

Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

Antwoord: *Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe (a) nie aan myself (b) nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort (c). Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal (d) en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos (e). Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie (g). Alles moet inderdaad tot my saligheid dien (h). Daarom verseker (i) Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe (k).*

(a) Rom 14:8. (b) 1 Kor 6:19. (c) 1 Kor 3:22; Tit 2:14: (d) 1 Pet 1:18, 19; 1 Joh 1:7; 2:2, 12. (e) Heb 2:14; 1 Joh 3:8; Joh 8:34-36. (f) Joh 6:39; 10:28; 2 Tess 3:3; 1 Pet 1:5. (g) Matt 10:30; Luk 21:18. (h) Rom 8:28. (i) 2 Kor 1:22; 5:5; Ef 1:14; Rom 8:16. (k) Rom 8:14; 1 Joh 3:3:

Vraag 2: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?

Antwoord: *Drie dinge (a): Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is (b); ten tweede; hoe ek van al my sonde en ellende verlos word (c) en ten derde hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees (d).*

(a) Matt 11:28-30; Ef 5:8. (b) Joh 9:41; Matt 9:12; Rom 3:10; 1 Joh 1:9; 10. (c) Joh 17:3; Hand 4:12 10:43. (d) Ef 5:10; Ps 50:14; Matt 5:16; 1 Pet 2:12; Rom 6:13; 2 Tim 2:15:

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 116: 1, 5 (569)

- 1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

- 5 U het my siel weer van die dood bevry; / in droefenis droog U, o HEER, my trane;
U lei my voet langs nuwe lewensbane, / om in u lig te wandel, lewensbly.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 14 Februarie 2010